Health • Rural Development • Employment • Safety & Security • Education

# Vuk'uzenzele

JOBS INSIDE:

Produced by Government Communications (GCIS) | English\Afrikaans | September 2017 Uitgawe 1

# Celebrating women's contribution to tourism






Tourism is a key driver of South Africa's economy.

**TOURISM HAS THE** potential to be a major driver of economic transformation, as a handful of Western Cape women are showing.

**Sulaiman Philip**

The Department of Tourism plans to increase the number of women in ownership and managment positions over the next few years.

"Tourism is a key driver of our economy, with a immense potential to fast track radical and economic transformation," the Minister of Tourism Tokozile Xasa says.

It is important for the tourism sector to take the lead in transformation through opening up opportunites for women.

Minister Xasa says one of the biggest obstacles to the empowerment of women in the tourism sector is access to funding and managerial skills. This is why government entities have set up programmes like the Industrial Development Corporation's Women Entrepreneurial Fund.

The Park Inn Hotel by Radisson in Newlands, Cape Town, is special. Opened in 2014, the three-star hotel was designed and built to make it accessible to disabled visitors. It also houses the offices of Deaf SA and a third of its staff is hearing impaired.

Just as important, Minister Xasa said on a recent visit, is that more than 50 per cent of its staff are women, with 10 in managerial positions.

The minister was speaking during a recent tour of women-owned and managed tourism establishments in the Western Cape.

## Transforming the tourism sector

It is important, she said, that the role women play in the industry be recognised.

"With a workforce comprised largely of women operating at the lower levels of the value chain, it is incumbent on our sector to lead the process of gender diversity and transformation that will result in more women occupying executive positions," she said.

The minister also visited women-owned restaurants and a bed and breakfast in Khayelitsha. She had lunch with Abigail Mbalo-Mokoena at her 4Roomed eKasi Culture.

Mbalo-Mokoena, a trained dentist and contestant on MasterChef SA, dreamed of owning a restaurant at which she could serve local cuisine in a township setting.

Another woman entrepreneur, Nomalungelo Sotyingwe, owner of Lungi's BnB, shared her experiences,

Cont. page 2



**SAPS steps up to help victims of gender-based violence**

Page 4



**Government puts plans in place to curb TB**

Page 7

*OR Tambo at the United Nations on 26 October 1976: "We will have a South Africa in which the young of our country ... shall be taught to love their people of all races, to defend the equality of the peoples, to honour creative labour, to uphold the oneness of mankind and to hate untruth, obscurantism, immorality and avarice."*

Life and legacy of OR TAMBO. 100 YEARS



2030 NDP

ALSO AVAILABLE ON:
ANDROID APP ON Google play
Available on the iPhone App Store
@VukuzenzeleNews
Vuk'uzenzele
Websites: www.gcis.gov.za
www.vukuzenzele.gov.za
E-mail: vukuzenzele@gcis.gov.za
Tel: (+27) 12 473 0405
Free Copy

# Drie klein woordjies skep 'n veiliger gemeenskap

**DEUR 'N INNOVERENDE** internasionale karteringstelsel te gebruik, help 'n plaaslike organisasie om gesondheidsorg na sommige van Suid-Afrika se mees onopspoorbare plekke te neem.

**Sulaiman Philip**

KwaNdengezi, buite Durban, is 'n gemeenskap van 54 000 mense. Dit is 'n versameling van baksteengeboue en selfgeboude huise van sinkplate, herwonne bakstene en hout. Die enkele paaie wat wel bestaan, het nie name nie en tensy jy self in die uitgestrekte 14km²-township bly, kan jy maklik verdwaal.

Thembinkosi Lesley Dladla, 'n skoftoesighouer by Emergency Management Rescue Services (EMRS), verduidelik: "As 'n EMRS [beampte], ken my werk geen grense nie – ons werk oral in Durban. Dit is baie moeilik in die townships, omdat daar nie sigbare straatname is nie en hulle ook nie huisnommers het nie."

Dit kan ure neem voor ambulanse pasiënte bereik. 'n Hele dag kan soms verbygaan voordat 'n ambulans pasiënte opspoor. Hulle, asook die gesondheidsorgwerkers, moet op inwoners staatmaak om vir hulle rigtingaanwysings te gee. Vir die gemeenskap is beskrywende aanwysings die maklikste manier om jou pad deur die chaotiese strate in die townships te vind.

## Maak gebruik van globale kartering

'n Plaaslike gesondheids-NRO, die Gateway Health Institute, loods tans 'n projek in KwaNdengezi wat die hele township sal karteer. Vir die eerste keer ooit sal inwoners 'n adres hê wat hulle kan gebruik wanneer hulle mediese hulp ontbied.

Die NRO gebruik 'what-3words', 'n globale aanlyn karteringstelsel, om unieke adresse vir die township te skep. Die stelsel verdeel die aardbol in 'n rooster van 57 triljoen vierkante van 3m x 3m elk. Elkeen het 'n vooraf toegekende en vaste adres wat uit drie woorde bestaan.

Gateway se veldwerkers het inwoners gehelp om hul posisies op 'n satellietkaart te identifiseer en hul driewoord-adresse op plastiekbordjies gedruk, wat teen hul huise aangebring is. Die adresse is op 'n databasis geregistreer, en die NRO kan nou identifiseer waar watter mediese dienste benodig word.

Die karteringsdiens het gehelp dat meer swanger vroue tuisbesoeke vir voorgeboortesorg ontvang. Wanneer mediese sorg benodig word, kan dit na 'n gekarteerde posisie gestuur word en ambulanspersoneel weet waarheen om te gaan om lewensreddende bystand te bied.

Benewens die voorsiening van adresse aan huise in KwaNdengezi, werk Gateway ook saam met die KwaZulu-Natalse Departement van Gesondheid om gemeenskapsbates soos plaaslike-owerheidsentrums, klinieke en pompe wat skoon drinkwater verskaf te karteer. Die doel is om 'n gedetailleerde kaart vir die inwoners te ontwikkel wat deur sakeondernemings en die regering gebruik kan word om die gemeenskap se lewensgehalte te verbeter.



Die karteringsdiens het mediese dienste gehelp om afgeleë gebiede te bereik.
(Foto: *what3words*)

Die projek is deur dr Coenie Louw, stigter en direkteur van Gateway, begin.

## Los 'n probleem op

Gateway bedryf gemeenskapsgesondheidsorgdienste in benadeelde gemeenskappe regoor die land. Die belangrikste mediese dienste wat dit bied, is die aflewering van medisyne en noodvervoer vir vroue in kraam: 50 persent van alle bevallings in KwaNdengezi vind tuis plaas. Voordat die projek begin is, kon 'n ambulans tot vier ure neem om 'n vrou wat in die nood is te bereik.

Louw het aanvanklik probeer om telefoonmaste te gebruik om posisies te trianguleer. "Ek het twee jaar lank probeer om 'n manier te vind om die posisie van 'n swanger vrou wat in nood is akkuraat te kan bepaal."

Die projek word ook gebruik om werkloosheid in die township te verlig – 11 jeugdiges wat voorheen werkloos was, is as veldwerkers opgelei om inwoners te help om hul adresse te identifiseer en inligting oor posisies en gesondheid op Gateway se databasis te laai. **V**

# Regering voer planne uit om TB hok te slaan

**DIE NASIONALE DEPARTEMENT** van Gesondheid voer tans sy eerste Tuberkulose-voorkomsopname uit, om te help om die doeltreffendheid van die Nasionale TB-beheerprogram te verbeter.

**Sulaiman Philip**

Die Nasionale Departement van Gesondheid voer tans sy eerste Tuberkulose- (TB-) voorkomsopname uit in 'n poging om die doeltreffendheid van sy nasionale beheerprogram te verbeter.

Veldwerkers sal huishoudings besoek om moontlike deelnemers te identifiseer, wat na die naaste kliniek vervoer sal word vir toetse en om aan die opname deel te neem.

Die opname begin vandeesmaand in eThekwini en sal oor die hele land ontplooi word. Die land is op grond van TB-infeksiesyfers in drie sones verdeel. Gauteng en Limpopo is laag; KwaZulu-Natal, die Vrystaat en Mpumalanga is middelmatig, en die oorblywende vier provinsies word as hoog beskou.

Die Voorkomsopname sal vir die regering 'n beter idee gee van waar hulp benodig word en watter tipe hulp oorweeg moet word.

Deelname is vrywillig en sal ongeveer 60 minute duur, insluitend die tyd vir TB-sifting.

## TB kan behandel word

Tuberkulose of TB is 'n siekte wat deur 'n kiem veroorsaak word wat hoofsaaklik die longe aantas, maar soms ook ander dele van die liggaam affekteer.

Dit word van een persoon na 'n ander oorgedra wanneer die persoon wat TB het hoes of nies. Mense weet soms nie eers dat hulle siek is nie.

Gemeenskappe in informele nedersettings, mense wat met MIV of diabetes leef, swanger vroue en kinders loop die hoogste risiko.

Algemene simptome sluit in gewigsverlies, koors, 'n gehoes en nagsweet; hierdie simptome kan maande lank matig en byna ongesiens voortduur en dus daartoe lei dat pasiënte nie betyds mediese hulp soek nie.

Behandeling bestaan uit 'n kursus van vier middels, wat onder mediese toesig vir 'n tydperk van ses maande geneem moet word.




(Foto: Nasionale Departement van Gesondheid)

Indien die pasiënt behandeling staak, of die middels verkeerd gebruik, kan dit lei tot die ontwikkeling van 'n middelweerstandige vorm van TB. Behandeling van middelweerstandige TB vereis meer toksiese medikasie, wat nadelige gevolge vir pasiënte kan inhou.

Dit is belangrik om te weet dat TB genees kan word en dat gratis behandeling beskikbaar is. Indien jy TB het, sal jy medikasie en hulp by jou naaste kliniek kan kry.

Die departement se boodskap is duidelik: ken die simptome, kry behandeling en word gesond. **V**

# Qunu-boere verkoop eerste oes

**GROENTEBOERE** in Nelson Mandela se dorpie, Qunu, in die Oos-Kaap, pluk die vrugte van 'n program wat deur die Departement van Landelike Ontwikkeling en Landbouhervorming bestuur word om armoede te bestry.

**Siya Miti**

Opkomende boere in Nelson Mandela se tuisdorp Qunu in die Oos-Kaap het hul eerste groente-oes verkoop.

Die boere het verlede jaar as deel van Internasionale Nelson Mandela-dag groentesaailinge van die Departement van Landelike Ontwikkeling en Landbouhervorming ontvang.

Saailinge is ook aan die Nelson Mandela Nomoscow Primêre Skool,die Emba- en Upper Qunu junior sekondêre skole en die Anglikaanse Kerk geskenk om op 67 erwe in Qunu te plant.

Die projek was nie sonder uitdagings nie, maar die departement het nie moed verloor nie. In Maart vanjaar het dit 'n verdere 2 400 kool-, beet-, spinasie- en uiesaailinge aan die dorp se inwoners geskenk om die voedselsekerheidsprogram voort te sit, met die doel om armoede te bestry.

Die boere uit 15 huishoudings het uiteindelik hul swaar verdiende vrugte gepluk; die saailinge het gehelp om die grootte van die oes te verhoog, en deur hul ekstra produkte te verkoop, kon hulle 'n goeie inkomste verdien om vir hul gesinne te sorg.



Boere Koko Nkunzi en Nothemba Barhaza vier die eerste oes saam met die Oos-Kaapse LUR vir Landelike Ontwikkeling en Landbouhervorming, Mlibo Qhoboshiyane, en Kei Superspar se Jessica Venter.

Die eerste oes is in Julie aan die Mthatha Kei Superspar verkoop.

## Massiewe besparings vir arm huishoudings

Vanuit sy tuin, 'n klipgooi van Mandela se huis af, vertel die plaaslike boer Koko Nkunzi: "Groente help om armoede baie gou te oorwin en, in teenstelling met mielies, gee dit vir jou 'n vinnige opbrengs. Dit bied 'n goeie en vinnige omset en neem nie lank om te oes nie."

Nkunzi sê dat die program hulle help om hul eie voedsel te produseer, en dan nog groente oor het om te verkoop. "Dit motiveer ons omdat ons ons produkte aan Spar verkoop … as ons vroeër begin het, kon ons nou al veel verder gevorder het," sê hy.

Nog 'n boer, Nothemba Barhaza, sê dat die regering se bydrae haar lewe ten goede verander het. "Ons eet party van die groente en ek verkoop spinasie aan plaaslike huishoudings. Die regering se bydrae verbeter beslis my lewe, omdat ek nie meer groente by die winkel hoef te koop nie. Ek koop net 'n paar goed wat ek met my groente meng om goeie kos vir my familie voor te berei."

Wanneer kospryse styg, tref dit hulle nie so sleg nie, voeg sy by. Op grond van huidige kleinhandelpryse bespaar 'n gesin soos Barhaza s'n, wat 15 dae per maand twee bosse spinasie en een koolkop per maaltyd verbruik, elke maand R570 aan kruideniersware.

Die weduwee, 'n ma van sewe en ouma van een, sê dat haar pensioen en die wins uit die verkoop van groente haar enigste bronne van inkomste is.

## Kleinhandelaar loof gehalte

Jessica Venter van Kei Superspar het die gehalte van die Qunu-boere se groente geprys. "Ons help hierdie boere deur hul produkte te koop. Die produkte is baie vars, dit verkoop teen mededingende pryse en klante reageer baie positief daarop," sê Venter.

Die Oos-Kaapse LUR vir Landelike Ontwikkeling en Landbouhervorming, Mlibo Qhoboshiyane, sê sy departement het besluit om die voedselsekerheidsprogram na die breër gemeenskap uit te brei. "Ons sal vir hulle saailinge gee en hulle help om hul besproeïnginfrastruktuur te verbeter om hul produksie te verhoog," sê Qhoboshiyane.

"Ek is bly om te sien dat hierdie boere hul produkte aan kleinhandelwinkels en plaaslike huishoudings verkoop. Ek kan sien dat dit nie vir hulle 'n nuwe ervaring is nie. Hulle is passievol oor landbou." V

# Moet nooit opgee nie, adviseer boer entrepreneurs

**Hlengiwe Ngobese**

Loyiso Pepeta, voormalige hoof finansiële beampte van Ingquza Hill Plaaslike Munisipaliteit, het atyd geweet dat hy eendag sy eie onderneming wil hê. En dit is waarom hy, toe hy in 2012 hoor dat 'n plaas in Kokstad te koop was, 'n geloofsprong geneem en sy werk bedank het.

Sy plaas, Copperfield, het 'n melkery met 146 Jersey-koeie wat elke dag 2 500 liter melk produseer, asook 226 beeste vir beesvleisproduksie. Die plaas voorsien Spar, Rhino Supermarkte en groothandelaars oor die hele KwaZulu-Natal en die Oos-Kaap van melk, maas en jogurt.

Die boerdery het met tien werknemers begin, maar het nou 36 permanente personeellede in diens.

Pepeta sê dat sy reis tot hier onmoontlik sou gewees het sonder 'n R4 miljoen sakelening van die Ithala Ontwikkelingsfinansieringskorporasie. "Die lening het my gehelp om die plaas, masjiene en koeie te koop."

Hy het ook sy aftreegeld in die onderneming belê. "My enigste opsie is dus om dit te laat werk."

## Boerdery verg toewyding

Net soos enige ander onderneming gaan die boerdery ook met bepaalde uitdagings gepaard, waarvan die mees dringende is hoe om meer grond te verkry wat hulle in staat sal stel om meer koeie aan te hou en hul produksie te verhoog.

"Om aan ons kliënte se vraag te voldoen, moet ons minstens 15 000 liter melk per dag produseer. Maar omdat ons nog so ver van hierdie mikpunt af is, koop ons ongepasteuriseerde melk van ander plase aan om in die vraag te voorsien," sê hy.

Wat beesvleis betref, verkoop die plaas jaarliks 150 beeste. Hy beplan om sy eie slagpale op te rig om direk aan die winkels te voorsien.

Hy merk op dat boerdery nie vir mense is wat nie toegewyd is nie, omdat jy sewe dae per week, 365 dae per jaar moet werk.

Pepeta se raad vir jong entrepreneurs is eenvoudig: "Moenie bang wees om groot risiko's te loop nie. Hoe groter die risiko, hoe hoër die opbrengs.

"Moet nooit tou opgooi wanneer jy uitdagings teëkom nie. Uitdagings is nie daar om jou dood te maak nie, maar om jou vermoëns te versterk." V



Loyiso Pepeta voorsien supermarkte en groothandelaars regoor KwaZulu-Natal en die Oos-Kaap van melk, maas en jogurt.